



# Laerskool Vaalrivier

Bus 110, Vanderbijlpark, 1900  
Tel: (016) 987 2610  
Faks: (016) 987 2612  
Sel: 082 554 1629  
E-Pos: vaalrivier@absamail.co.za

Geagte Ouers en Leerders

11 Januarie 2017

Baie welkom aan u met u verbintenis met Laerskool Vaalrivier. Mag u kind / kinders gelukkig wees in hulle skoolloopbaan.

## **SKOOLLIED**

1. Langs die oewers van die Vaal  
Tussen wilgers, riet en vlei  
Het daar 'n skool verrys in diens  
Van Afrikaner volk en -taal
2. Gods Woord hou ons in eer  
Soos ons vrome voorgeslag  
Dis 'n lig in die onsekere  
Wat lei na 'n nuwe dag

### **REFREIN:**

Met die Woord as ons grondslag,  
Met die fakkel om te sien.  
Met die Stuurman as ons Stuurder  
Bly ons leuse: ADiens Verdien@.

### **REFREIN**

3. O laat die fakkel brand  
Sodat ons koers kan hou.  
Geroepe in ons Vaderland  
In woord en daad getrou.

### **REFREIN**

## **SKOOLGELDE**

Die Beheerliggaam van die skool stel die skoolgelde vas. Die skoolgeld kan aan die begin van die jaar ten volle vereffen word of maandeliks oor elf maande betaal word.

**SKOOLGELDE MOET VOORUIT BETAAL WORD EN WEL VOOR OF OP DIE 7DE VAN ELKE MAAND.**

Indien 'n ouer se inkomste dit regverdig dat hy nie skoolgelde kan betaal nie, kan hy aansoek doen vir gedeeltelike vrystelling. Vrystelling moet jaarliks hernu word.

Die skoolgelde word onder andere aangewend vir die volgende:

- Opvoedkundige doeleindes
- Administrasie doeleindes
- Instandhouding van geboue en terrein

## **SKOOLDRAG**

Die volgende skooldrag is verpligtend:

### **SOMERDRAG**

#### **DOGTERS**

'n Rooi en wit geruite skoolrok, swart skoolskoene en kort, wit sokkies. Slegs rooi of wit linte, bolletjies of haarknippies mag gedra word.

#### **SEUNS**

'n Standaard grys kortmou hemp en grys kort broek, swart toerygskoolskoene en grys skoolkouse met die skoolkleure bo ingeweef.

### **WINTERSDRAG**

#### **DOGTERS**

'n Donkerblou langbroek en wit langmouhemp. Donkerblou windjakkies of donkerblou trui. Swart skoolskoene en wit sokkies. Slegs donkerblou linte, bolletjies of haarknippies mag gedra word.

#### **SEUNS**

'n Grys langbroek en grys langmouhemp met 'n donkerblou windjaker/baadjie en / of donkerblou skooltrui met 'n skoordas. Grys skoolkouse en swart toerygskoolskoene.

**VRYDAGDRAG:** (Word slegs op 'n Vrydag en tydens uitstappies gedra)

- Rooi Valiehemp
- Blou denim
- Tekkies

# **REËLS, REGULASIES & DISSIPLINE**

Ouers en leerders behoort te voldoen aan die reëls en regulasies soos dit statutêr bepaal word en soos deur die Beheerliggaam voorgeskryf word.

Ouers en leerders behoort hulle te onderwerp aan die dissipline van die skool. Indien enige leerder hom / haar skuldig maak aan wangedrag kan dit lei tot ernstige dissiplinêre optrede.

'n Oortredingslêer word gehou en na etlike vermanings deur 'n onderwyser word die leerder na die hoof verwys. Met die derde besoek aan die hoof en/of indien die hoof dit goeddink, na gelang van die ernstigheid van die oortredings, word die ouers gekontak en moet hulle die skool besoek.

## **ALGEMENE VOORKOMS**

Leerders moet tydens skoolure in skooldrag geklee wees. Skoolklere moet ten alle tye heel, netjies en skoon wees.

Seuns se hare moet kort geknip en netjies wees. Meisies moet hulle hare vasbind sodra dit oor die kraag begin groei.

Meisies mag slegs goue bolletjies of ringetjies in die ore dra. Meisies mag slegs 'n seërling dra.

Indien T-hemde onder die skooldrag aangetrek word, mag dit nie uitsteek nie.

Dit is in u eie belang dat **ALLE** klere duidelik gemerk is.

## **ALGEMENE GEDRAG EN OPTREDE TYDENS SKOOLURE**

Leerders moet betyds by die skool wees. Leerders moet die saal Maandag tydens saalopening stil betree en verlaat.

Leerders mag slegs onder toesig in die saal wees. Leerders mag slegs onder toesig pouses in die klaskamers wees. Klaswisseling geskied in stilte. Leerders mag nie op die stoepe hardloop of speel nie. Leerders mag nie op die aantreeblad praat nie.

Leerders mag slegs in 'n noodgeval en as gevolg van siekte die kleedkamers gedurende onderrigtye besoek. Leerders mag nie in die kleedkamers speel nie en alle kos moet buite gelaat word. Leerders mag slegs een-een in 'n toilet ingaan. Leerders speel slegs op die terrein wat aan sy/haar groep toegewys is. Leerders mag nie op die skoolterrein met fietse ry nie. Leerders wat die skoolhoof of administratiewe personeel wil spreek, moet alleen gaan. Leerders mag nie op die sementblad loop of speel waar die busse en motors ry nie.

Alle papiere en rommel moet in die vullisdromme gegooi word. Afsprake by die dokter en tandarts moet, indien moontlik, na skoolure gemaak word. Geen leerder mag sy / haar ouers skakel indien hulle by die skool siek word nie. Toestemming moet by die hoof verkry word om huis toe te gaan en dan moet die administratiewe personeel die oproep maak. Kougom is verbode. Leerders mag nie die skoolterrein tydens skoolure verlaat sonder die hoof se toestemming nie.

## **ALGEMENE REËLS EN REGULASIES**

Wanneer leerders afwesig was, moet hulle 'n briefie van die ouers of 'n sertifikaat van die dokter bring sodra hulle weer die skool bywoon. Vreemde persone of verdagte voorwerpe moet onmiddellik onder die aandag van 'n personeellid gebring word.

Slegs 'n stewige skooltas of rugsak is toelaatbaar. Geen sakke wat die handboeke of skrifte kan beskadig - bv. Die seilsakke - is toelaatbaar nie. Tydens naweke en vakansies mag geen leerder die skoolterrein betree nie, tensy daar 'n aktiwiteit of funksie aangebied word of met toestemming en onder toesig van 'n personeellid. 'n Leerder in skooldrag is ten alle tye onderworpe aan die reëls en regulasies van die skool. Mondelinge opdragte van die hoof is ook bindend ten opsigte van reëls en regulasies.

## **HUISWERK**

Huiswerk word gesien as die uitvoering van 'n opdrag van 'n onderwyser wat buite die skoolure deur die leerder self of **onder leiding** van die ouers afgehandel of geleer moet word.

Om die opvoedingsdoeleindes met huiswerk te bereik, is noue samewerking tussen ouers en skool noodsaaklik.

Die taak van die ouers behoort die volgende te wees:

'n Stil geskikte studieruimte behoort in die huis afgesonder te word waar 'n kind ongesteurd huiswerk kan doen. In die beplanning van die gesin se dagprogram behoort studietye voorrang te geniet.

Ouers moet daaglik toesien dat hul kinders hul tuiswerk doen.



**H Read - Skoolhoof**

## **VOLTOOI ONDERSTAANDE:**

Hiermee erken ek \_\_\_\_\_ ouers/voogde van \_\_\_\_\_ in Graad \_\_\_\_\_

dat ek ten volle ingelig is met betrekking tot alle reëls en regulasies van Laerskool Vaalrivier.

Ek onderneem om toe te sien dat my kinders dit gehoorsaam en is bewus daarvan dat enige wangedrag tot 'n dissiplinêre verhoor kan lei.

\_\_\_\_\_  
Handtekening van ouer / voog

\_\_\_\_\_  
Datum

\_\_\_\_\_  
Handtekening van leerder

\_\_\_\_\_  
Datum